We develop the South African Agricultural Industry.
Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie.

NML opdatering//NMW update
Desember 2019

1. **Verhoog die NML op 1 Januarie 2020?**

NEE. Die NML Kommissie sou op 21 November 2019 vergader het om onafhanklike navorsing te ontvang oor die effek wat die implementering van die NML op werksverliese gehad het (indien enige), en dan 'n aanbeveling aan die minister te maak oor 'n verhoging van die NML (indien enige). Die vergadering het nie plaasgevind nie, weens 'n gebrek aan kworum, en sal waarskynlik eers aan die einde van Januarie plaasvind. Dus sal daar nie voor dan 'n verhoging aangekondig word nie.

2. **Is dit 'n gegewe dat die NML in 2020 sal verhoog?**

NEE. Die NML sal slegs verhoog indien onafhanklike navorsing toon dat dit nie, onder andere, sal bydra tot verdere werksverliese nie. Die NML Kommissie is nie 'n onderhandelingsforum nie, en 'n verhoging aan die NML is nie 'n reg of 'n gegewe nie. Dit sou onverantwoordelik wees om 'n verhoging aan te beveel indien so 'n verhoging 'n negatiewe gevolg vir enige sektor sou inhou, en daarom is dit van kritieke belang dat die onafhanklike navorsing eers deeglik oorweeg sou word, en dat die NML kommisarisse die kans het om met mekaar daaroor te praat voordat 'n hopelik eenparige aanbeveling aan die minister gemaak word. Dit is dan ook die proses wat aan die einde van Januarie 2020 gevolg sal word.

3. **Skuif landbou dan na die volle NML vanaf die huidige 90% van die NML?**

Daar is tans glad nie so ‘n voorstel ter oorweging in die onafhanklike navorsing nie, en dis belangrik om te onthou dat landbou nie onbeheerste insetkoste-stygings kan absorbeer sonder negatiewe gevolge nie.

4. **Is daar enigsins ‘n indikasie van die tipe verhoging wat ek sou kon verwag aan die NML in 2020? Ek wil graag my beplanning vir 2020 doen.**

Daar is tans geen indikasie van enige moontlike persentasieverhoging aan die NML nie. Daar is tans nie eers enige indikasie dat die NML wel sal verhoog word nie. Dis nie moontlik vir Agri SA om elke individuele produsent te adviseer nie, en dit was ook nog nooit die Arbeid en Ontwikkeling Sentrum van Uitnemendheid se bedoeling om hierdie rol te vervul nie. Indien daar breër na hierdie vraag gekyk sou wou word, met ander woorde in groter boerderye waar daar dalk werkers op verskillende posvlakke is wat nie noodwendig aan die NML gekoppel is nie, is dit van uiterste belang om die besigheid se finansiële volhoubaarheid in ag te neem, en ook te kyk na inligting oor die vlakke waarop loon-skikkings deur die land bereik is. Verder is dit normaalweg ook behulpsaam om na die VPI-syfer te kyk, wat tans 3.7% is.

5. **As die NML wel verhoog word, wanneer sal so ‘n verhoging intree?**

Dis nie tans moontlik om ‘n datum in hierdie verband te gee nie.

Laastens is dit belangrik om te onthou dat NML kommisarisse ten alle tye onpartydig moet optree, en nie enigiets sal doen om die funksionering van die NML Kommissie te belemmer nie. Die bogenoemde kommunikasie moet in daardie konteks gelees word.

English version:

1. **Will the NMW increase on 1 January 2020?**

NO. The NMW Commission would have met on 21 November to consider independent research on the effect of the implementation of the NMW on job losses (if any) and to make a recommendation on increase to the minister (if any). The meeting did not take

place due to a lack of quorum. The meeting will probably be rescheduled to end January 2020, which means that no increase will be announced before then.

2. **Is it a given that the NMW will increase in 2020?**

NO. The NMW will only increase if independent research shows that it will not, amongst other factors, contribute to job losses. The NMW Commission is not a negotiation forum and an increase is not a right, nor a given. It would be very irresponsible to recommend an increase if it will have a negative effect on any sector. This is why it is critically important that the independent research be thoroughly considered and that the NMW commissioners have the opportunity to engage each other before hopefully making a unified recommendation to the minister. That will be the process followed in January 2020.

3. **Will agriculture move from the 90% dispensation to the full NMW?**

There isn't currently such a proposal under consideration, and it is important to remember that agriculture cannot absorb uncontrolled increases to input costs without negative repercussions.

4. **Is there any indication of the kind of increases I can expect to the NMW in 2020, as this will enable me to plan for 2020?**

There isn't currently any indication of a percentage increase to the NMW, as there isn't even an indication of an increase at all. It is not possible for Agri SA to advise each individual producer, and that was never the intention of the Labour and Development Centre of Excellence. If this question is considered more widely in cases where larger farming operations have a variety of workers on different post-levels who are not only remunerated on the level of the NMW, it is very important to consider the financial sustainability of the business, as well as available information on the types of settlements reached across sectors. The CPI-rate is also a useful tool, currently at 3.7%.

5. **If the NMW is increased, when will that be?**

It isn't currently possible to give such a date, should the NMW be increased.

Lastly it is very important to remember that NMW commissioners should at all times act impartially and should not do anything to hinder the functioning of the NMW Commission. This communication should be read in that context.

Groete// Kind regards

Jahni de Villiers

Hoof: Arbeid en Ontwikkeling

Head: Labour and Development

Agri SA